# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

**VRAESTEL 1**
**GRAAD 12**

**10 JUNIE 2015**

**PUNTE: 80** **TYD: 2 UUR**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | LEESBEGRIP | (30) |
| AFDELING B: | OPSOMMING | (10) |
| AFDELING C: | TAAL | (40) |

2. Lees ALLE instruksies baie goed.
3. Beantwoord AL die vrae.
4. Begin ELKE afdeling op ‘n NUWE bladsy.
5. Trek ‘n streep na elke afdeling.
6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hiedie vraestel gebruik is.
7. Nommer alle vrae in die MIDDEL van die bladsy.
8. Laat ‘n reël oop na ELKE antwoord.
9. Gee baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.
10. Skryf netjies en leesbaar.
11. Die vraestel bestaan uit 9 bladsye. Maak seker dat jy almal het.

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye

## AFDELING A: LEESBEGRIP

## VRAAG 1: LEESBEGRIP

## VRAAG 1.1. ARTIKEL

**Instruksies:**

1. Lees die onderstaande leesstuk met aandag deur en beantwoord dan AL die vrae daaroor.

# Patrick Lambie – “Baby face assassin”







1 **Patrick Lambie** is ‘n professionele rugbyspeler wat vir die Natal Sharks in die Curriebeker- en Superrugbyreekse speel.

2 Patrick is op 17 Oktober 1990 in Durban gebore en het sy skoolloopbaan by Clifton Preparatory in Durban begin. Vanaf 2004 tot 2008 was hy ‘n leerder by Michaelhouse Secondary School.

3 Die 1,77m lange jongman het reeds gedurende sy laaste twee jaar op skool, Suid-Afrika op die sportveld verteenwoordig. Hy was ook hoofseun van sy skool en kaptein van sy skool se eerste rugby- sowel as krieketspan. Hy was ook die kaptein van beide KZN se krieketspan en Cravenweek spanne gedurende 2007 en 2008.

4 Lambie is ‘n veelsydige speler wat losskakel, senter en heelagter kan speel. Gedurende 2009 was hy die beste puntemaker in die ABSA o/21 Curriebeker kompetisie al het hy eers na die seisoen 19 jaar oud geword.

5 Hy het Suid-Afrika op o/20 vlak verteenwoordig toe hy as eerste keuse heelagter vir die groep gekies is gedurende die 2010 o/20 Wêreldbekertoernooi in Argentinië.

6 Lambie se loopbaan in die Sharks se seniorspan het gedurende die 2010 Super 14 seisoen begin. Hy het sy debuut op heelagter gemaak. Gedurende die Curriebekerseisoen is hy na senter verskuif en moes later as gevolg van die baie beserings wat die span gepla het, na die losskakelposisie verskuif.

7 Te danke aan sy natuurlike talent en vreesloosheid het hy die losskakel posisie sy eie gemaak. Hy het ook ‘n belangrike rol gespeel in die Sharks se Curriebeker sukses van 2010. Hy het in die finaal teen die Westelike Provinsie twee drieë gedruk en drie doelskoppe en drie strafskoppe deur die pale gestuur as sy bydrae tot die Sharks se 30 – 10 oorwinning. Hy is ook as die speler van die wedstryd aangewys. Gedurende hierdie seisoen was hy ook die speler wat die tweede meeste punte vir die seisoen aangeteken het.

8 Lambie is die eerste keer opgeroep om vir die Springbokke te speel gedurende hulle 2010 toer na Ierland en die Verenigde Koninkryk. Hy het sy debuut as losskakel teen Ierland gemaak toe hy Morné Steyn gedurende die tweede helfte van die wedstryd vervang het.

9 Gedurende die 115 jaar van Michaelhouse skool se bestaan, is Patric Lambie hul eerste Springbok rugbyspeler.

10 Gedurende 2011 was Lambie genomineer vir die Suid-Afrikaanse Rugbyspeler van die jaar toekenning.

(verwerk vanaf www.sarugby.co.za/patricklambie)

| **Woordeboekgebruik:** | | |
|---|---|---|
| **Assassin** (n) | killer | (ALLEN, R.E., The Concise Oxford dictionary of Current English, 1990, Oxford University Press, Walton Street, Oxford, USA, p64) |
| **as·sas·sin** | (sluip)moordenaaar, huurmoordenaar | (Pharos Afrikaans- Engels / Engels-Afrikaans Woordeboek, 2005, NB-Uitgewers, Heerengracht 40, Kaapstad,p 783) |
| **moor'de·naar**(-s) | Persoon wat 'n moord gepleeg het. | (HAT,1994, Perskor Uitgewery, Midrand, p677) |
| **huur'moordenaar** | Iemand wat betaal word om 'n moord te pleeg | (HAT,1994, Perskor Uitgewery, Midrand, p404) |

**Beantwoord die volgende vrae:**

1.1.1. Wat beteken die term "professionele rugbyspeler"? (paragraaf 1) [1]

1.1.2. Lambie word in die opskrif 'n "baby face assassin" genoem.

Het dit 'n LETTERLIKE of FIGUURLIKE betekenis?

Motiveer jou antwoord. [2]

1.1.3. Waar is Patrick Lambie gebore? [1]

1.1.4. Hoe oud is Lambie nou? [1]

1.1.5. Watter hoërskool het Lambie bygewoon? [1]

1.1.6. Noem drie (3) hoogtepunte uit sy hoërskoolloopbaan. [3]

1.1.7. Kan Lambie as 'n veelsydige (*versatile*) SPORTMAN beskou word?

Gee 'n rede vir jou antwoord. [1]

1.1.8. Waaraan het hy sy sukses te danke? [2]

1.1.9. Watter posisies het Lambie al vir die Sharks gespeel? [3]

1.1.10. Dink jy die Suid-Afrikaanse Rugbyraad sien Lambie as 'n goeie speler?

Motiveer jou antwoord. [1]

1.1.11. Voltooi: Die afkorting KZN (paragraaf 3) is die afkorting vir _______________ [1]

1.1.12. Kies die regte antwoord:

Die 2010 Junior Rugby Wêreldbekertoernooi was in (Argentinië / Angola) [1]

1.1.13. Is die volgende stelling WAAR of ONWAAR? [2]

Motiveer jou antwoord met 'n aanhaling uit die leesstuk.

***Michaelhouse het al baie Springbokrugbyspelers opgelewer.***

1.1.14. Wanneer is Lambie die eerste keer vir die Springbokke gekies? [2]

1.1.15. Hoe lank bestaan Michaelhouse Secondary School al? [1]

1.1.16. Waarom is Lambie na die losskakel posisie verskuif? [1]

**TOTAAL VRAAG 1.1: [24]**

## VRAAG 1.2 – ADVERTENSIE

Bestudeer die volgende advertensie en beantwoord dan die vrae wat daarop volg.




(Uit: my tyd, Rapport, 8 April 2012)

**Beantwoord die volgende vrae:**

1.2.1. Kies die regte antwoord: [1]

***Die pa in die advertensie hou van (sokker / netbal / rugby / krieket)***

1.2.2. Noem iets uit die prentjie wat jou antwoord by vraag 2.1 bewys. [1]

1.2.3. Wat kan jy by die expo ervaar? Noem een ding. [1]

1.2.4. Wie is die teikengroep wat die adverteerders wil bereik? [1]

1.2.5. Waar en wanneer vind hierdie skou plaas? [2]

**TOTAAL VRAAG 1. 2: [6]**
**TOTAAL AFDELING A: [30]**

## AFDELING B: OPSOMMING

**Instruksies:**

- Lees die volgende teks aandagtig deur.
- Skryf **SEWE VOORDELE** van oefening in die oggend puntsgewys onder mekaar.
- Gebruik volsinne.
- Skryf elke sin in jou EIE woorde.
- Laat ’n reël na elke punt oop.
- Skryf aan die einde van die vraag die getal woorde wat jy gebruik het, neer.
- Moenie meer as 70 woorde gebruik nie.

**VRAAG 2**

**Begin oefen!**

Is jy een van daardie mense wat soggens in die bed lê en vir jouself sê: "Ek sal na werk gim toe gaan", of "ek sal Maandag begin ... ek belowe!"?

Klink dit bekend? Besef jy dat oefening in die oggend 'n belangrike instrument tot algehele fiksheid en gewigsverlies kan wees?

Hoekom oggende ...?
Deur middel van oefening in die oggend, "kickstart" jy jou metabolisme (*metabolism*) en hou dit hoog 24 uur.

Baie mense vind dat oggend-oefening hul aptyt (*appetite*) deur die dag reguleer en help dat hulle nie honger voel nie.

Omdat jy elke dag dieselfde ding doen, begin jou liggaam hom voorberei om vroeër wakker te word. Jy trek op die volgende maniere voordeel daaruit: Dit raak makliker om te wakker te word. Jou liggaam raak nie deurmekaar,soos in die geval van op verskillende tye wakker word nie. Jou metabolisme en al die hormone wat betrokke is in menslike aktiwiteite neem toe terwyl jy slaap. Daarom voel jy meer energiek en gereed om op te staan wanneer jy wakker word.

Oggend oefening kan meer as 'n fisiese ervaring word. Sommige mense sien uit na die tyd wat hulle alleen kan spandeer vir die versorging van hul liggame en siele. Baie gebruik die tyd om hul dag te beplan, hul gedagtes vry te laat of te bid.

Navorsing toon dat jy skerper dink vir ±10 uur ná oefening. Jy is dus meer produktief (*productive*).

(Verwerk vanaf: http://www.health24.com/fitness/Getting_started/16-474,72505.asp)

**TOTAAL AFDELING B: [10]**

## AFDELING C: TAAL

## VRAAG 3 – VISUELE TEKS

Die onderstaande vrae is op die volgende advertensie gebaseer:




3.1. Skryf die eerste sin ("Seblief kan ons ...") in korrekte Afrikaans en met die nodige punktuasie oor. [3]

3.2. Verander die volgende sin na ’n vraag:
By Ouma is dit so vervelig! [1]

3.3. Gee ’n antoniem vir "vervelig". [1]

3.4. Gebruik die woord "verveeld" in ’n duidelike sin. [1]

3.5. Verbeter die woordorde in die volgende sin:
Hulle gaan Mauritius toe per vliegtuig volgende week. [1]

3.6. Gee een woord vir die gedeeltes tussen hakies:

3.6.1. Daar is ’n klomp (klein kinders) op die strand. [1]

3.6.2. Die (vrou wat in die biblioteek werk) sal jou help om boeke oor Mauritius te vind. [1]

3.7. Gee die korrekte vorm van die woord tussen hakies:
Vir die kinders is dit (lekker) om na Mauritius as na hul ouma te gaan. [1]

**TOTAAL VRAAG 3: [10]**

## VRAAG 4 - SPOTPRENT




[Uit *Die Burger*, 31 Oktober 2006, bl. 16]

4.1. Gee elke keer een woord vir die gedeelte tussen hakies: [5]

- 4.1.1. Die kinders is nie met ’n (klein rottang) geslaan nie, maar met ’n grote. (verkleinwoord)
- 4.1.2. In die pa se (kind + dae) het hy dikwels pak gekry. (samestelling)
- 4.1.3. Die hond is hierdie gesin se (dier wat hulle liefhet en versorg).
- 4.1.4. Die pa se woorde is eintlik (baie snaaks) as ’n mens kyk na hoe hy lyk. (intensiewe vorm)
- 4.1.5. Die sitkamer lyk maar baie (nie netjies nie). (teenoorgestelde)

4.2. Gee die korrekte vorm van die woorde tussen hakies: [2]

- 4.2.1. Toe die pa (jong) as nou was, was hy dalk ’n gedissiplineerde mens.
- 4.2.2. Die muis dink die pa sê een van die (snaaks) goed wat hy nog ooit gehoor het.

4.3. Skryf die ontbrekende woord neer: [1]

Die pa sit en kyk ___.

4.4. Gee ’n antoniem vir die skuinsgedrukte woord: [1]

Die pa lyk asof hy van ’n *ordelike* lewe hou.

4.5. Gee ’n sinoniem vir die skuinsgedrukte woord: [1]

Die seun dink moontlik sy pa praat die grootste klomp *onsin*.

**TOTAAL VRAAG 4: [10]**

## VRAAG 5 - TAAL

## VRAAG 5.1 – PROSA

- Beantwoord die vrae wat na die leesstuk volg deur die instruksies by die vraagnommers te volg.

**Hond perdfris ná rit in bakkie-enjin**

’n Jack Russell het ’n nagmerrierit oorleef 5.1.1 (toe, wanneer, dan) sy vir 230 km teen ’n spoed van 120 5.1.2 (km/h) in ’n viertrekbakkie se enjin vasgesit het.

Behalwe dat Bella vol ghries, baie dors en verskrik was, was sy ongedeerd. Sy het 5.1.3 (selfs, self) ’n uur later ’n rot gevang om te wys sy het volkome van haar 5.1.4 (trauma) ervaring herstel.

Me. Riekie Nel het gesê Bella het van Tzaneen tot in Sabie tussen die bakkie se enjin en ’n plaat wat die enjin beskerm, gelê. “Net haar stert en tong het 5.1.5 ( ___ ) weerskante van dié plaat uitgehang.”

Dié voorval het Sondag 5.1.6 (plaasgevind) toe mnr. Nel en sy seuns huis toe gery het nadat hulle die naweek op sy ma se plaas by Tzaneen 5.1.7 (gekuier, besoek) het.

“Toe hulle sowat twee 5.1.8 (ure, uur) op die pad terug Witrivier toe was, het hulle twee 5.1.9 ("times") ’n geluid soos ’n hond se tjank gehoor. Dit was nadat hulle by die Strydom-tonnel gestop het om petrol in te gooi.” Hulle het egter die “getjank” 5.1.10 (ignoreer) toe hulle nie kon vasstel van waar dit kom nie.

“Hulle het deur Graskop gery en in Sabie gestop om kos te koop by die Wimpy. Net toe hulle daar wou wegry, het die bestuurder van die Wimpy my man 5.1.11 (stop en sê) daar is ’n hond onder die bakkie. My man se maag het ’n 5.1.12 (woes) draai gemaak, 5.1.13 (omdat, want) hy het nie geweet wat om te verwag nie.”

“By nadere ondersoek blyk dit toe 5.1.14 (dis, dus) Bella, een van my skoonouers se vele Jack Russells.” Die Nel-gesin vermoed Bella het agter ’n rot, wat onder die plaat ingekruip het, aangehardloop.

[Verkort uit *Die Burger*, 26 April 2007, bl. 1]

| | | |
|---|---|---|
| 5.1.1 | Kies die korrekte woord. | [1] |
| 5.1.2 | Skryf die afkorting uit. | [1] |
| 5.1.3 | Kies die korrekte woord. | [1] |
| 5.1.4 | Gee die korrekte vorm van die woord. | [1] |
| 5.1.5 | Gee die ontbrekende woord. | [1] |
| 5.1.6 | Gee ’n sinoniem. | [1] |
| 5.1.7 | Kies die korrekte woord. | [1] |
| 5.1.8 | Kies die korrekte woord. | [1] |
| 5.1.9 | Vertaal in Afrikaans. | [1] |
| 5.1.10 | Gee die korrekte vorm van die woord. | [1] |
| 5.1.11 | Skryf in die verlede tyd. | [1] |
| 5.1.12 | Gee die korrekte vorm van die woord. | [1] |
| 5.1.13 | Kies die korrekte woord. | [1] |
| 5.1.14 | Kies die korrekte woord. | [1] |

**TOTAAL VRAAG 5.1: [14]**

**VRAAG 5.2 – VISUELE TEKS**

- Volg die instruksies by elke vraag om die vrae te beantwoord.
- Die onderstaande vrae is op die volgende advertensie gebaseer:




[Uit: *Weg*, Maart 2007, bl. 20]

5.2.1. Beantwoord die volgende vraag in 'n volsin. Begin soos aangedui. [1]

Sal hulle die KKNK-fees wil misloop? (Nee, ...)

5.2.2. Verbind die sinne met die voegwoorde tussen hakies: [2]

5.2.2.1. Oudtshoorn is ver van hier. Baie mense gaan per motor daarheen. (alhoewel)

5.2.2.2. Die KKNK is baie gewild. Duisende mense besoek dit elke jaar. (gevolglik)

5.2.3. Verbind die sin deur die betreklike voornaamwoord in hakies te gebruik: [1]

Die persoon doen uitstekende werk. Die persoon organiseer die fees. **(wat)**

5.2.4. Herskryf die volgende sin met die nodige leestekens:

Christa sê Ja dit was regtig die moeite werd om na die fees te gaan. [2]

**TOTAAL VRAAG 5.2: [6]**

**TOTAAL AFDELING C: [40]**

**GROOT TOTAAL:[80]**